

Omgewingsbestuursraamwerk: Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit KONSEP- STATUS QUO-VERSLAG – NIE-TEGNIESE SAMEVATTING

1 INLEIDING


Die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit (KWDM) het SRK Consulting (SRK) aangestel om 'n Omgewingsbestuursraamwerk (OBR) te ontwikkel vir die oostelike deel van die KWDM. Die studiegebied sluit die Distrikbestuursgebied (DBG) en die Witzenberg, Breedevallei en Langeberg plaaslike munisipaliteite in, maar sluit die Drakenstein en Stellenbosch munisipaliteite uit (raadpleeg Figuur 1).

Die KWDM beskik oor baie natuurgebiede met belangrike ekostelsels wat in fyner besonderhede bestudeer en gekarteer is as die meeste ander gebiede. Die KWDM beskik ook oor 'n belangrike landbousektor, wat die grondslag van die distrik se ekonomie vorm. Die hoofrede waarom die OBR aangepak word, is om gebiede te identifiseer wat sensitief is, en om te sien watter gebiede verdere landbou- en ander bedrywighede kan ondersteun.

2 DOEL VAN DIE OBR

Elke provinsie, distrik en munisipaliteit in Suid-Afrika moet planne beraam vir die toekomstige ontwikkeling van hul gebiede. Hierdie planne sluit die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) in, wat die beplanningstrategie vir 'n spesifieke gebied identifiseer, en die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR), wat spesifieke gebiede vir beplande ontwikkelings identifiseer.

Die OBR is 'n nuwe plan wat as riglyn sal dien vir die ROR. Dit ontleed die omgewingseienskappe (kenmerke) van 'n gebied, identifiseer gebiede wat omgewingsgewys sensitief is en verskaf riglyne oor waar sekere aktiwiteite moet plaasvind of nie moet plaasvind nie. Waar ROR'e gewoonlik kyk watter grond *beskikbaar* is vir sekere ontwikkelings, verskaf die OBR inligting oor watter grond *geskik* is vir sekere tipes ontwikkeling.



Figuur 1: Ligging van die KWDM – die studiegebied is met swart omkring

Regulasies vir OBR'e is gepromulgeer kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (NEMA). Dit spesifiseer die inhoud van 'n OBR en die proses wat gevolg moet word om 'n OBR te ontwikkel. Dit sê voorts dat, nadat 'n OBR goedgekeur is, owerhede die OBR se riglyne en aanbevelings in ag moet neem wanneer hulle besluit oor enige grondgebruik.

3 STATUS QUO-VERSLAG

Die Status Quo-verslag is die eerste dokument wat opgestel word in die proses om 'n OBR te ontwikkel. Dit beskryf die huidige toestande binne die studiegebied (die oostelike deel van die KWDM), gegrond op 'n oorsig van bestaande literatuur en data, spesialis-inset waar nodig, en oorlegpleging met sleutelbelanghebbers. Dit wys dat die studiegebied uit 'n unieke versameling biofisiese en sosio-ekonomiese bates bestaan, wat behoorlike oorweging en gesonde bestuur verg.

Die afdelings hieronder som die omgewingseienskappe van die studiegebied wat in die Status Quo-verslag bespreek word, kortliks op, en bied 'n oorsig oor drukfaktore en neigings wat met hierdie eienskappe verband hou.

3.1 Klimaat

Die studiegebied tel onder die droogste én die natste gebiede van die Wes-Kaap en Suid-Afrika, en is in die algemeen 'n water-arm streek. Daar word voorspel dat die Wes-Kaap in die toekoms droër gaan word, met minder winterreënval en moontlik effens meer somerreënval (hoofsaaklik in die oostelike deel van die provinsie). Die reënval sal waarskynlik ook meer wisselvallig word, met meer buitengewone reënval-insidente. Daar word voorspel dat temperature gemiddeld hoër sal word.

3.2 Geologie, Topografie en Grondtipes

Die studiegebied word gekenmerk deur verskeie belangrike bergreekse, insluitend die Seder-, Winterhoek-, Hexrivier-, Du Toitskloof-, Lange- en Riviersonderendberge. Klam grondtipes in die gebied is swak ontwikkel en nie baie geskik vir verbouing nie. Grondagteruitgang is veral 'n probleem in die noordelike DBG. Drukfaktore en bedreigings vir die geologie en grondtipes in die studiegebied spruit hoofsaaklik uit:

- *Mynbou en swak landboupraktike* (waar dit voorkom), wat erosie of grondbesoedeling kan veroorsaak; en
- *Indringerplante*, wat veldbrande meer waarskynlik en meer intens maak en só die grondstruktuur vernietig.

3.3 Hidrologie

Riviere is die hoofwaterbron vir boere, landelike gemeenskappe, dorpe en nywerhede. Riviere word ook gebruik vir rekreasie en toerisme, visvangs en, hier en


daar, afvalstorting. Die grootste / belangrikste riviere in die gebied is die:

- Breederivier, waaruit groot volumes water onttrek word vir besproeiing en ander menslike gebruik;
- Olifantsrivier, waarvan net die bolope in die studiegebied val;
- Doringrivier, die enigste groot rivier wat nog in sy natuurlike toestand is; en
- Touwsrivier, wat aansienlik verlê is.

'n Aantal vleilande kom in die gebied voor. Die meeste vleilande, asook baie plaasdamme, lê langs die Breederivier. Vleilande filter vloedwater voor dit in riviere of grondwaterstelsels invloei.

Die gebiede om Ceres, Wolseley, Worcester en McGregor het die beste potensiële grondwaterbronne. Baie van hierdie gebiede is kwesbaar vir besoedeling.

Water is baie in aanvraag in die studiegebied, veral besproeiingswater. Die meeste oppervlak- en grondwater word uit die Breederivierstelsel onttrek.



Drukfaktore en bedreigings vir waterbronne in die gebied is:


- *Oor-onttrekking van water en opdam van riviere*, aangesien historiese watertoekennings nie in ag geneem het dat 'n 'ekologiese reserwe' water nodig is om lewe in die rivier te onderhou nie. Dit veroorsaak dat rivierplante en -diere vrek, en bevorder sedimentasie, wat riviere vlakker maak;
- *Waterbesoedeling* deur besoedelde afloop en landbouchemikalieë (hoewel doeltreffende besproeiing op baie plase dit beperk). Besoedelde water kan die groei van alge bevorder en die water gevaarlik maak vir waterdiere en mense (wat dit drink, daarin bad of daarmee besproei);
- *Besmetting van waterlope deur indringerspesies*, wat inheemse spesies verdring en 'n uitkring-effek op die groter stelsel het;
- *Inbreuk van landboubedrywighede op riviere*, wat die vloedpotensiaal stroom-af verhoog as vloedvlaktes stroom-op omskep word; en
- *Verwaarlosing van vleilande* (wat wydverspreid in Suid-Afrika voorkom), ten spyte van hul beskerming kragtens die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998).

Die volgende neigings bestaan in die studiegebied ten opsigte van waterbronne:

- *Toenemend doeltreffende gebruik van water vir besproeiing* danksy relatief klein waterkwotas vir baie boere;
- *Toenemende onttrekking van grondwater weens skaarste aan oppervlakwater*;
- *Toenemende aanvraag na water* weens verbouing van gewasse wat meer water vereis (bv. vrugte), oordrag van meer water na die Stad Kaapstad, en uitbreiding van menslike nedersettings in die studiegebied;
- *Klimaatverandering* wat na verwagting sal lei tot minder reënval en hoër temperature in die gebied, wat die beskikbare watervolume verminder; en
- *Agteruitgang van hoofriviere en hoofsytakke*, veral in gebiede waar landbou plaasvind.

3.4 Biodiversiteit en Bewaring

Funksionerende ekostelsels vorm die grondslag van menslike lewe op aarde. Die KWDM is geleë in die Fynbos- en Sukkulente Karoostreek, wat 'n klomp verskillende plante en diere huisves (groot biodiversiteit), waarvan baie slegs in die KWDM of in klein dele daarvan voorkom, en nêrens anders nie. Sowat 84% van die hele studiegebied beskik nog oor natuurlike plantegroei (die minste in Witzenberg – 72%, en die meeste in die DBG – 89%), en 7.6% van die grond lê in bewaringsgebiede, hoewel dit nie altyd die beste ligging het of in die beste toestand is nie. Verskeie plante (bv. baie tipes Fynbos en Renosterveld) en diere (bv. Rivierkonyn) staan op die rand van uitwissing.



Die volgende dinge bedreig biodiversiteit in die studiegebied:

- *Verlies aan en fragmentasie van natuurlike habitat*, wat veroorsaak word deur vinnige stedelike en landbou-uitbreiding. Renosterveld is veral geskik vir landbou en is daarom kwesbaar;
- *Indringerplante en diere* wysig die funksionering van berg-opvangsgebiede en rivierlope, en verdring inheemse spesies;
- *Verandering in natuurlike brandpatrone* weens indringerplante en ontwikkeling wat die hoeveelheid plaaslike spesies verminder;

- *Wateronttrekking en wysiging van vleilande* verminder die stelsel se vermoë om water te suiwer en vloede te verminder;
- *Klimaatverandering*, wat die verspreiding van plant- en dierelewe in die toekoms aansienlik sal beïnvloed; en
- *Onvanpaste ontwikkeling* soos die aanplant van water-intensiewe gewasse in gebiede met waterskaarste, sand- en gruisontginning in rivierstelsels, oorbeweiding en toerisme (bv. 4x4-roetes) in sensitiewe gebiede, wat bydra tot grondagteruitgang en die geleidelike agteruitgang van biodiversiteit en ekostelseldienste in die studiegebied.

3.5 Kultuurerfenishulpbronne

Die mens woon al langer as 'n miljoen jaar in die studiegebied. Rotstekening word op verskeie plekke in die gebied aangetref; plekke wat met die vroeë setlaars verbind word, (bv. Gydo- en Bainskloofpas en ou plaasopstalle), die Anglo-Boereoorlog (bv. blokhuse en versterkings) en Apartheid (bv. afsonderlike ontwikkeling) vorm ook deel van die kulturele landskap. Worcester, Montagu, McGregor, Robertson en Tulbagh het die grootste aantal provinsiale of ander beboude erfenisterreine, hoewel baie strukture in Tulbagh, Worcester en Ceres erg beskadig is tydens die 1969-aardebewing. Baie roetes in die gebied is baie skilderagtig, insluitend die R43, R46, R60, R62, R303 en R355.



Manlike figuur wat 'n sak met tassels dra. 'n Handafdruk kan in die prent gesien word

Uitsig op die Ceres-kom se kulturele landskap, geneem vanaf Gydo- en Bainskloofpas

Drukfaktore en bedreigings vir die kultuur- en erfenishulpbronne in die studiegebied is:

- *Stedelike verdigting*, wat beteken dat geskiedkundige dorpe se naderingsroetes sorgvuldig bestuur moet word;
- *Stedelike en landelike ontwikkeling*, insluitend sekuriteitsontwikkelings, gholflandgoedere, kraglyne en paaie, wysig die historiese karakter (of 'eiesoortige atmosfeer');
- *Laer inkomste behuising en informele nedersettings*, wat versigtig geïntegreer moet word in gebiede met 'n hoë erfeniswaarde;
- *Erfenistoerisme*, wat erfenisterreine soos rotstekeninge meer toeganklik en kwesbaar maak.

3.6 Sosiale en Ekonomiese Eienskappe

Sowat 295 000 het in 2007 in die studiegebied gewoon. Die meeste mense het in die Breedevallei Munisipaliteit gewoon, waar werkloosheid ook die hoogste is (12%, vergeleke met 2% in die DBG). Sowat 89% van die studiegebied se bevolking het in 2007 minder as R12 800 per maand verdien, en slegs 2% het 'n universiteitsgraad gehad. Die meeste misdaadvoorvalle is in Worcester en Ceres (die twee grootste dorpe) gerapporteer. Tuberkulose, MIV en babasterftes is almal laer as die SA-gemiddeld, maar hoër as die gemiddeldes in die Wes-Kaap.

Die gebied is baie landelik, en slegs 0.5% van die gebied val binne dorpe. Armer gebiede neig steeds om hoër bevolkingsdigthede te hê en in dorpe se buitewyke te lê. Baie dorpe het aansienlik gegroei in 2005, maar het afgeplat namate die dekade se einde nader gekom het. Die meeste gebiede vorm deel van die infrastruktuurdiens.

Drukfaktore en bedreigings vir maatskaplike welstand is:

- *Lae onderwysvlak*, wat mense se verdienstepotensiaal en die besighede wat gevestig word, bepaal;
- *Hoë voorkoms van TB, MIV en babasterftes* vergeleke met die Wes-Kaap;
- *Baie lae en dikwels seisoengebonde inkomste*, wat lei tot armoede en gepaardgaande probleme;
- *Toenemende eise aan infrastruktuurdiens* wat maak dat opgradering van die stormwaterstelsel, watertoevoer, sanitasie en paaie vinniger nodig word; en
- *Onvoldoende kapasiteit en swak bestuur van afvalterreine* kan besoedeling en gesondheidsrisiko's veroorsaak.

Maatskaplike en nedersettingsneigings in die studiegebied sluit in:

- *'n Bevolkingsafname* volgens Sensus 2007 data (hoewel provinsiale projeksies 'n toename voorspel het);
- *Meer alleenstaande huise*, wat meer ruimte verg en dienslewering duurder maak;
- *Meer TB en HIV*, wat 'n las plaas op families en gemeenskappe, gesondheidsorgkoste verhoog en produktiwiteit verlaag;
- *Toenemende misdaadvlakke, veral dwelmverwante misdaad*; en
- *Toenemende afvalskopping* te wyte aan meer ontwikkeling en bedrywighede in die gebied oorskry die stortingsterreinkapasiteit.

Die Breedevallei-munisipaliteit het die grootste ekonomie in die gebied, gevolg deur Langeberg en Witzenberg. Die landbousektor is die grootste sektor in die Breedevallei en Witzenberg, en is met 'n kortkop tweede in Langeberg. Dit dra tussen 20% en 36% in elke munisipaliteit by tot die ekonomie. Landbou is ook die belangrikste werkgewer, veral in die DBG. Wyndruiwe en vrugte, waarvan baie uitgevoer word, is die hooflandbouprodukte. Ten spyte van landbou se belangrike ekonomiese rol, word slegs 5% van die grond gebruik vir verbouing. Die ander grond is dikwels

nie geskik vir landbou nie. Toerisme raak toenemend belangrik vir inkomste in die gebied.



Wingerde naby Robertson

Drukfaktore en bedreigings vir landbou in die gebied is:

- *Aanwesigheid van hoë biodiversiteitsgebiede*, aangesien landbou binne hierdie gebiede die ekostelsel wysig;
- *Gebrek aan bykomende water vir besproeiing*, aangesien oppervlaktwater en – toenemend – grondwater reeds goed benut word. Dit het die doeltreffendheid van besproeiing verbeter, maar beperk nietemin die getal bykomende boerderybesighede wat in die toekoms gevestig kan word;
- *Swak watergehalte*, wat kan lei tot 'n verbod op uitvoere vanaf die streek;
- *Die behoefte aan grondhervorming*, aangesien grondeienaarskap min verander het; dit kan lei tot onsekerheid en die uitbreiding van boerderygebiede;
- *Die noodsaak om meer landbouprodukte te verwerk*, wat industriële en agri-industriële ondernemings en grondgebruik in die gebied kan verhoog;
- *Klimaatverandering* wat landbou direk sal beïnvloed deur hoër temperature (wat die gehalte van oeste kan knou) en minder reënval;
- *Hersonering van landbougrond vir ander grondgebruike*, bv. behuising, residensiële buurte of gholfbane; en
- *Ontginning van sand en gruis*, wat hoofsaaklik op landbougrond plaasvind.

Die hoof- landbouneigings in die studiegebied dui op:

- *Toenemende konsolidasie van plase* weens laer winsgewendheid van boerdery;
- *Verdere uitbreiding van wingerde*, aangesien wynproduksie redelik winsgewend was;
- *Die invoer van ander produkte* soos olywe, tee, kruie vir essensiële olies en akwakultuur;
- *Verhoogde diversifisering van landboubesighede* om bv. toerisme te bedryf, plaas druk op die infrastruktuur (vervoer en dienste) in die gebied;
- *Toenemende gebruik van seisoengebonde plaaswerkers*, wat lei tot wisselvalliger indiensneming en seisoengebonde bevolkingsyfers; en
- *Stadig verswakkende luggehalte* weens agri-chemikalieë, veldbrande, verbranding van oesreste en nywerheidsuitlate.

3.7 Omgewingsrisiko's

Die sleutelrisiko's vir die omgewing in die studiegebied hou verband met:

- *Klimaatsverandering*, wat die weerstoestande in die gebied verander en sodoende die beskikbaarheid van geskikte habitat vir natuurlike plantegroei, die beskikbaarheid van natuurlike waterbronne en die betrokke landboubedrywighede beïnvloed. Dit help die ekosisteem om beter by klimaatsverandering aan te pas en steeds ekosistemdienste te lewer as 'n mens ekologiese korridors (dikwels langs riviere) oophou;
- *Veldbrande*, wat natuurgebiede sowel as menslike bedrywighede bedreig. Bergagtige gebiede loop die grootste gevaar. Die aanwesigheid van indringerplante verhoog die risiko en intensiteit van veldbrande;
- *Vloedrisiko* wat onder die hoogste in die land tel, aangesien die studiegebied baie bergagtige plekke het wat hoë reënval kry. Ontwikkeling van rivierkorridors verhoog die risiko van vloed en vloedskade stroom-af; en
- *Seismiese aktiwiteit*, wat gereeld in die Wes-Kaap aangeteken word. Die ergste aardbewing het op 29 September 1969 naby Tulbagh / Ceres gebeur.



Gebiede wat deur die veldbrand naby Robertson geraak is

3.8 Verweefdheid van Kenmerke

Die omgewingseienskappe wat in die verslag bespreek word, bestaan nie in isolasie nie. Dit vorm deel van 'n groter, geïntegreerde stelsel. As sulks, beïnvloed hulle almal mekaar in 'n mate; invloede wat een aspek van die stelsel (bv. water) raak, het gewoonlik 'n uitkring-effek op ander aspekte (bv. landbou en biodiversiteit). Dit is uiters belangrik vir die bestuur van elke kenmerk om hierdie verweefdheid raak te sien, aangesien hulle nie in isolasie hanteer kan word nie.

4 KOMMENTAAR OP DIE STATUS QUO-VERSLAG

Die konsep- Status Quo-verslag word 60 dae lank beskikbaar gestel vir openbare oorsig en kommentaar. Afskrifte van die Verslag is beskikbaar by:

- Ashton-biblioteek, Faurestraat;
- Robertson-biblioteek, Van Rheenenstraat;
- Montagu-biblioteek, Piet Retiefstraat;

- Bonnievale-biblioteek, Van Zylstraat;
- McGregor-biblioteek, Tindalestraat;
- Worcester-biblioteek, Waterloostraat;
- Goudini- (Rawsonville-) biblioteek, Stasieweg;
- Touwsrivier-biblioteek, Jamesstraat;
- Wolseley-biblioteek, Voortrekkerweg;
- Tulbagh-biblioteek, Pleinstraat;
- Ceres Munisipale Kantore, Voortrekkerweg;
- Prince Alfred Hamlet-biblioteek, Voortrekkerweg;
- Accent-kantore, Bergsigstraat, Op-die-berg; en
- SRK-kantore, Hoofweg, Rondebosch.

Die verslag kan ook afgelaai word op SRK se webwerf, www.srk.co.za (via die 'Onlangse Publikasies / Openbare Dokumente'-skakel). Hardekopie-afskrifte en digitale afskrifte op CD kan ook op versoek aan belanghebbers gepos word, teen 'n koste.

Die publiek word genooi om hierdie Status Quo-verslag te oorweeg en skriftelike kommentaar te stuur aan:

Sharon Jones by SRK Consulting

PostNet Suite #206

Privaatsak X18

Rondebosch

7701

e-pos: sjones@srk.co.za

Tel: (021) 659 3060

Faks: (021) 685 7105

Kommentaar moet ons teen 1 Augustus 2011 bereik om oorweeg te word vir die hersiene Status Quo-verslag.

5 VOLGENDE STAPPE IN DIE OBR-PROSES

In die volgende fase van die OBR-proses, sal die inligting wat vir die Status Quo-verslag saamgestel is, saam met beleidstukke, riglyne en omgewingbestuursdoelwitte wat op die studiegebied van toepassing is, ontleed word om:

- Die verlangde toestand van die omgewing te bepaal;
- Sensitiewe gebiede te identifiseer;
- Omgewingbestuursone te karteer;
- Omgewingbestuursriglyne te ontwikkel; en
- 'n GIS-middel (rekenaargebaseerde kartering) te skep om die betrokke ruimtelike inligting te vertoon.

Daar sal 'n OBR-verslag opgestel word, wat ook vir openbare insae beskikbaar gemaak sal word. Alle belanghebbers wat tydens die Status Quo-fase kommentaar voorlê of belangstelling toon, sal outomaties ingelig word wanneer die OBR-verslag beskikbaar is vir openbare oorsig.

SHARON JONES

Hoofkonsultant

An English copy of this document is available – kindly contact SRK.